JAARVERSLAG VAN DIE WES-KAAPSE KULTUURKOMMISSIE 2000/2001

INHOUDSOPGAWE

Chairperson's address

Vision of the Western Cape Cultural Commission/ Visie van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie

Mission of the Western Cape Cultural Commission/ Missie van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie

DEEL 1 ALGEMENE INLIGTING

1.1 Inleiding
1.2 Samestelling van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie
1.3 Konstitusionele bevoegdheid en wetlike mandaat
1.3.1 Konstitusionele bevoegdheid betreffende Kultuursake
1.3.1.1 Bepalings in die Suid-Afrikaanse Grondwet betreffende die funksies en aktiwiteite van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie
1.3.1.2 Eksklusiewe provinsiale bevoegdhede kragtens die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika betreffende die lynfunksie- aktiwiteite van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie
1.3.1.3 Konstitusionele bevoegdhede kragtens die Grondwet van die Wes-Kaap
1.4 Magte en funksies van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie

DEEL 2 MENSLIKE HULPBRONNNERAAMWERK

2.1 Organisatoriese struktuur
2.2 Vergaderings
2.3 Opsomming van begroting 2000/2001

DEEL 3 PROGRAMUITVOERING

3.1 Bestuur van vaste eiendom
3.1.1 Fasiliteite onder toesig van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie
3.1.2 Fasiliteitekomitee
3.1.3 Uitdagings wat in die volgende finansiële jaar aangepak moet word om sakepotensiaal te maksimeer
3.2 Advies aan die Minister betreffende die bereiking van sy doelwitte (Seksie 11(2) van die Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurrade (Wet 14 van 1998))
3.2.1 Ad hoc-projekte
3.2.2 Jaarlikse projekte
3.2.3 Eie projekte
3.2.4 Projekte goedgekeur en befonds deur die Wes-Kaapse Kabinet
3.2.5 Projekte daargestel namens die Nasionale Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie
3.3 Die registrasie van kultuurrade (die Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurrade (Wet 14 van 1998, Seksie 19))
3.4 Geografiese Namekomitee (die Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurrade (Wet 14 van 1998, Seksie 11c))
3.5 Nico-naamveranderingskomitee

DEEL 4 FINANSIËLE VERSLAG

DEEL 5 GEVOLGTREKKINGS EN UITDAGINGS

ANNUAL REPORT OF THE WESTERN CAPE CULTURAL COMMISSION

JAARVERSLAG VAN DIE WES-KAAPSE KULTUURKOMMISSIE

1/4/2000 - 31/3/2001

CHAIRPERSON'S ADDRESS

FROM AN ARCHIPELAGO TO ONE NATION

South Africa today is, sadly, still an archipelago of islands with varying divides of ignorance and misunderstanding that we wilfully created by the misguided social engineering policies of the previous government. Although we today share one unified country, we, to a very large extent, remain cultural strangers. Old assumptions, stereotypes and animosities still prevail. Even when we physically meet, we are so ignorant of each other that we immediately tend to gravitate towards our 'own people' thereby perpetuating the island culture. Our communication is often a mere exchange of superficial niceties.

How do we bridge these divides in our efforts to move towards being South Africans? How do we escape the multitude of labels many of us still subconsciously wear? How do we truly and finally depart the apartheid paradigm and bridge the chasms of trust? How do we become that one rainbow nation that Nelson Mandela so eloquently speaks of?

Ladies and Gentlemen, it is my firm belief that the arts could and should be an important bridge between our diverse cultures. Through the different art forms we exchange culture in an informal way and cultivate an understanding for the values and morals that underpin our cultures. Art is the vehicle whereby we are able to convey our feelings and emotions, our grief and joys, and our dreams and frustrations in the most vivid way to each other. It is the marketplace where we can, in a non-threatening environment, learn to mingle and appreciate each other's dignities.

The Cultural Commission's goal is to promote all cultures in our province, especially those cultures that were previously marginalized and treated with disrespect and contempt. We believe that it is only through appreciation and understanding of each other's cultures that we will be able to bridge the dangerous divides that bedevil our nationhood.

We in the Cultural Commission see every art form, be it ballet, opera, African music, jazz, sculpture or arts and crafts as essential elements in our endeavours to weave a new social fabric. It is our passion to ensure that all our artists and art forms are assisted and encouraged in every possible way. We fully appreciate the delayed consequences of neglecting the arts.

It is art that greatly assists us in developing a holistic view of life. Art enriches our being and challenges our rigidities, assumptions and paradigms. Art helps us break out of our paradigm paralysis and develop new paradigms that generate new attitudes and behaviours. Art removes our old lenses and gives us a fresh pair of eyes.

I wish to sincerely thank the administrative wing of the Arts and Culture Directorate for the sterling task they performed to support the work of the commission. It is in no small measure due to their efforts that we have been able to register a number of successes. In particular, I wish to thank the Accounting Officer for the splendid work done on our behalf.

My final word of thanks is to the Minister for his accessibility and open-mindedness with regard to the arts and the WCCC. His dedication to the arts has been a great inspiration to us. We look toward a continuation of our outstanding working relationship.

VISION OF THE WESTERN CAPE CULTURAL COMMISSION/ VISIE VAN DIE WES-KAAPSE KULTUURKOMMISSIE

To create the appropriate climate for cultural promotion, preservation and extension and to ensure that the representation of the rich cultural diversity in the Western Cape leads to mutual respect and understanding.

Om die geskikte klimaat te skep vir die bevordering, bewaring en uitbreiding van kultuur en om te verseker dat die weergee van die ryk kulturele verskeidenheid in die Wes-Kaap tot wedersydse respek en begrip sal lei.

MISSION OF THE WESTERN CAPE CULTURAL COMMISSION/ MISSIE VAN DIE WES-KAAPSE KULTUURKOMMISSIE

To provide for the establishment and reasonable funding, within the available resources of the Western Cape, of a provincial cultural commission and of cultural councils for communities with a common cultural and language heritage.

Om, binne die perke van die beskikbare hulpbronne van die Wes-Kaap, die vestiging en redelike befondsing van 'n provinsiale kultuurkommitee en kultuurrade te voorsien aan gemeenskappe met 'n gemeenskaplike kultuur- en taalerfenis.

DEEL 1 ALGEMENE INLIGTING

1.1 INLEIDING

Die Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurrade (Wet 14 van 1998) is uitgevaardig 24 Desember 1998 en is in ooreenstemming met 'n verklaring deur die Premier van die Wes-Kaap 16 April 1999 bekragtig. Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie is deur die provinsiale regering bemagtig om fondstoewysings binne redelike parameters te bestuur, om kultuurrade te vestig, om kultuurfasiliteite te bestuur en om respek vir kulturele verskeidenheid te verseker.

1.2 SAMESTELLING VAN DIE WES-KAAPSE KULTUURKOMMISSIE:

Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie bestaan uit 'n maksimum van 14 lede, aangestel deur die Minister van Kultuursake uit 'n kortlys aan hom voorsien deur die Staande Komitee vir Kultuursake van die Provinsiale Wetgewer. Laasgenoemde het aanbeveel dat meer Xhosa verteenwoordiging op die Kommissie verkry word. Gedurende die afgelope jaar het die Kultuurkommissie twee poste, soos aanbeveel, geadverteer. Agtien nominasies is ontvang en aan die staande komitee vir keuring voorgelê. Minister Adams het mnr. Sabata Sisui en me. Joyce Mpalala op die kommissie aangestel. Die volgende persone het in 2000-2001 op die die Wes-Kaapse Kultuurkommissie gedien:

APRIL, Terrence, Mnr.

BINGLE, Pieter, Dr.

BURDEN, Matilda, Dr.

DEACON, Jeanette, Dr.

GAVRON, Michelle, Me.

GRAAFF, Tessa, Me.

ISMAIL, Essop, Mnr.

LE FLEUR, Anthony, Mnr.

LE ROUX, Marlene, Me.

MPALALA, Joyce, Me.

PIEDT, David, Mnr.

SISUI, Sabata, Mnr.

TOERIEN, Pieter, Mnr.

WILLEMSE, Heinrich, Dr.

Dr. Hein Willemse het einde Augustus 2000 bedank en me. Marlene le Roux is as voorsitter in sy plek verkies volgens die bepalings van Seksie 8 van die Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurrade (Wet 14 van 1998). Dr. Pieter Bingle dien as ondervoorsitter. Mnr. Keith Petersen het as sekretaris van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie opgetree.

1.3 KONSTITUSIONELE BEVOEGDHEID EN WETLIKE MANDAAT

Die statutêre bevoegdheid van die Kultuurkommissie is vervat in wetgewing en beleid rakende kultuursake in die Wes-Kaap. Die Wes-Kaapse Minister van Kultuursake, as uitvoerende gesag, is verantwoordelik vir die neem van besluite en die gee van opdragte in dié verband. Die wette ter sprake is onder andere:

- die Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurrade (Wet 14 van 1998);
- die Grondwet van die Wes-Kaap (Wet 1 van 1998); en
- die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet (Wet 13 van 1998).

Verdere konstitusionele en wetlike aspekte wat die funksionering en aktiwiteite van die Kultuurkommissie ondersteun, word hier ter verheldering uitgelig.

1.3.1 Konstitusionele bevoegdheid betreffende Kultuursake

1.3.1.1 Bepalings in die Suid-Afrikaanse Grondwet betreffende die funksies en aktiwiteite van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie

Die konkurrente nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid betreffende kultuursake in die Wes-Kaap berus op die beginsels rakende samewerkingsbestuur en interregeringsbetrekkinge wat vervat is in Hoofstuk 3 van die Suid-Afrikaanse Grondwet, 1996 (Wet 108 van 1996).
Skedule 4 en 5 van die Suid-Afrikaanse Grondwet beskryf die konkurrente en eksklusiewe funksionele areas van kultuursake.
'n Groot verskeidenheid konkurrente wetgewing hou indirek verband met die funksionele werksareas van die Kultuurkommissie. Dit sluit in:

- die Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name (Wet 118 van 1998);
- die Wet op die Nasionale Kunsteraad (Wet 56 van 1997);
- die Wet op die Nasionale Stigting vir Rolprente en Video's (Wet 73 van 1997); en
- die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (Wet 1 van 1999).

Die posisie van die Kultuurkommissie ten opsigte van erfenis is nog onduidelik aangesien die gesag vir provinsiale erfenisbronne nog tot stand gebring moet word. Die nasionale wetgewing wat hiermee verband hou, is:

- die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (Wet 25 van 1999); en
- die Wet op die Nasionale Erfenisraad (Wet 11 van 1999).

1.3.1.2 Eksklusiewe provinsiale bevoegdhede kragtens die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika betreffende die lynfunksie-aktiwiteite van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie Seksie 126 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996), gee die Wes-Kaapse Minister verantwoordelik vir Kultuursake die mandaat vir die uitvoer van sy funksies.

Skedule 5 van die Suid-Afrikaanse Grondwet beskryf die eksklusiewe wetgewende bevoegdheid en funksionele areas vir kultuursake, ook vir provinsiale kultuursake.

1.3.1.3 Konstitusionele bevoegdhede kragtens die Grondwet van die Wes-Kaap

Die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997 (Wet 1 van 1998) bevat 'n aantal bepalings wat verband hou met die funksionele areas van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie. Dit sluit in:

- die stigting en redelike befondsing, binne die finansiële vermoë van die provinsie, van kultuurrade vir Wes-Kaapse gemeenskappe met 'n gemeenskaplike kultuur- en taalerfenis; en

- die beginsels van provinsiale beleid, uiteengesit in Hoofstuk 10 van die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997, wat verklaar dat die Wes-Kaapse regering beleid moet aanneem en implementeer om die welstand van mense in die Wes-Kaap aktief te bevorder en te onderhou. Dit sluit in beleid gerig op:

  (a) die beskerming en bevordering van alle natuurlike geskiedenis, kultuurgeskiedenis asook argeologiese en argitektoniese erfenis in die Wes-Kaap tot voordeel van huidige en toekomstige geslagte;

  (b) die beskerming en bevordering van alle regte van gemeenskappe met 'n gemeenskaplike taal- en kultuurerfenis; en

  (c) die ontwikkeling en opheffing van die jeug.

1.4 MAGTE EN FUNKSIES VAN DIE WES-KAAPSE KULTUURKOMMISSIE

(1) Ten einde die doelwitte waarvoor die Wes-Kaapse Kultuurkommissie gestig is te bereik, moet die kommissie:

(a) die registrasie en deregistrasie van kultuurrade oorweeg;

(b) die roerende en vaste eiendom onder sy toesig geplaas volgens die bepalings in seksie 2(I) (a) of (b) beheer, bestuur en onderhou; en

(c) ander funksies wat deur die provinsiale Minister aan die kommissie toegewys mag word, uitvoer.

(2) Die Kultuurkommissie mag uit eie beweging, of soos versoek deur die provinsiale Minister of deur een of meer kultuurraad, aanbevelings maak oor hoe die doelwitte van die Kultuurkommissie die beste bereik kan word betreffende onder andere:

(a) visuele, uitvoerende en literêre kunste;

(b) natuur- en geesteswetenskappe;

(c) kultureel-historiese velde; en

(d) die jeug se kultuurbewustheid en betrokkenheid.

(3) Die Kultuurkommissie mag, ná goedkeuring deur die provinsiale Minister en, waar nodig, deur die provinsiale Minister verantwoordelik vir finansies:

(a) roerende eiendom verkry, huur, verhuur of andersins vervreem;

(b) vaste eiendom oprig, toerus en onderhou of veranderinge aanbring aan enige gebou of struktuur waarna verwys word in subseksie (I)(b); en

(c) roerende of vaste eindom ontvang as 'n skenking, erflating of in trust en dit beheer, gebruik, bestuur of daarmee handel onderworpe aan die voorwaardes van die skenking, erflating of trust wat moet ooreenstem met die doelwitte van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie.

(4) Enige vaste eiendom geskenk of bemaak aan die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en wat aanvaar is met die nodige goedkeuring bly onder die mag van die Kultuurkommissie.

(5) Buiten die magte hierbo beskryf mag die Wes-Kaapse Kultuurkommissie, binne die beperkinge van die beskikbare hulpbronne, bystand verleen aan 'n kultuurraad of kultuurrade soos vasgestel onder die Wet, deurdat hy:

(a) kultuurverwante projekte, navorsing en konferensies, soos bepaal deur die provinsiale Minister, subsidieer wanneer 'n kultuurraad of kultuurrade daarvoor aansoek doen;

(b) interkulturele, nasionale en internasionale kontak bevorder en koördineer;

(c) inligting verskaf om kultuur te bewaar, te bevorder en te ontwikkel.

(6) Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie is geregtig om databasisse te ontwikkel, saam te stel en te onderhou. Dit sluit in databasisse van persone, organisasies, instellings, toerusting en fasiliteite verwant aan kultuursake in die Wes-Kaap.

(7) Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie moet aanbevelings doen aan die provinsiale Minster betreffende die bepaling van tariewe vir die huur van enige roerende of vaste eiendom soos uiteengesit in seksie 2 (3)(a).

DEEL 2 MENSLIKE HULPBRONNERAAMWERK

2.1 ORGANISATORIESE STRUKTUUR

2.2 VERGADERINGS

Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie is gestruktureer in komitees wat op die volgende datums in die afgelope finansiële jaar vergader het:

VOLLE SITTINGS
13 Junie 2000
29 Augustus 2000
27 September 2000
9 November 2000
21 Februarie 2001

BEFONDSINGSKOMITEE
12 Julie 2000
2 Augustus 2000
28 Augustus 2000
26 September 2000
9 November 2000
20 Februarie 2001

UITVOERENDE KOMITEE
22 November 2000

FASILITEITEKOMITEE
16 Februarie 2001

APPÉLKOMITEE
9 November 2000

NICO-NAAMSVERANDERINGSKOMITEE
19 April 2000
12 Junie 2000
2 Augustus 2000
4 Oktober 20000
9 November 2000
15 Februarie 2001

KULTUURRADEKOMITEE
26 Oktober 2000

2.3 OPSOMMING VAN BEGROTING 2000/2001

DEEL 3 PROGRAMUITVOERING

DIENSTE KRAGTENS WETGEWING

Seksie 11 van die Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurrade (Wet 14 van 1998) bepaal die take van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie.

3.1 BESTUUR VAN VASTE EIENDOM (Seksie 11(b) van die Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurrade (Wet 14 van 1998))

3.1.1 Fasiliteite onder toesig van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie Die volgende fasiliteite is onder

toesig van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie geplaas:

1. Melkbos Kultuursentrum in die Melkbosomgewing T 8525/1969;

2. Melkbos Oppiesee in die Melkbosomgewing T 8525/1969;

3. Koekenaap Kultuursentrum in die Vredendalomgewing T4393/1966;

4. Groot Drakenstein Kultuursentrum in die Simondiumomgewing 46449/1994;

5. Schoemanspoort Kultuursentrum in die Oudtshoornomgewing T 8481/1982;

6. Okkie Jooste Kultuursentrum in die Stellenboschomgewing T 2200/1934;

7. Bien Donné Herehuis in die Simondiumomgewing 46449/1994.

3.1.2 'n Fasiliteitekomitee is aangewys om die Kultuurkommissie by te staan in die uitvoering van sy pligte.

Die volgende persone dien op die komitee:

Me. Michelle Gavron,

Me. Tessa Graaff (Voorsitter), en

Mnr. Essop Ismail.

Die fasiliteitekomitee se werking is belemmer deur die feit dat die fasiliteite teoreties steeds onder die nasionale regering ressorteer. Dit word tans oorgedra aan die Wes-Kaapse Provinsiale Administrasie, wat op sy beurt weer 'n verstandhouding met die Wes-Kaapse Kultuurkommissie moet bereik.

Die komitee het dit oorweeg om konsultante aan te stel om hul by te staan in die voorbereiding van 'n besigheidsplan vir elk van die fasiliteite. Die rasionaal hieragter was om te bepaal hoe die fasiliteite optimaal vir verkryging van inkomste benut kan word. As gevolg van die huidige wetlike posisie sal die aanstelling van konsultante voortydig wees aangesien die status van die fasiliteite en die taak van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie nog nie duidelik is nie. Ouditering van die huidige dienste en attraksies is deur Kultuurdienste gedoen. (Sien addendum nommer 1).

Die fasiliteite het, ten spyte van die bekostigbare tariewe, goed gepresteer - soos weergegee word in die volgende grafieke en statistieke:

BESETTING VAN DIE FASILITEITE (AANTAL DAE)

2000/2001	1310
1999/2000	1183

INKOMSTE GEGENEREER

2000/2001	R1,203,560
1999/2000	R1,151,726

AANTAL GROEPE WAT DIE FASILITEITE GEBRUIK HET

2000/2001	460
1999/2000	469

INKOMSTE GEGENEREER PER FASILITEIT

Melkbos	R 227,431
Oppiesee	R 134,632
Okkie Jooste	R 373,061
Groot Drakenstein	R 253 024
Koekenaap	R 48,073
Schoemanspoort	R 121,873
TOTAAL	**R 1,166,803**

Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie wil graag al die beamptes wat bygedra het tot die suksesvolle bestuur van die fasiliteite bedank. Dit sluit in die persone verantwoordelik vir besprekings, rekeninge en boekhouding, asook die persone in beheer van die fasiliteite en veral die werkers en bestuurders van die verskillende terreine. (Sien ook Grafiek 1-4).

3.1.3 Uitdagings wat in die volgende finansiële jaar aangepak moet word om sakepotensiaal te maksimeer

- vermindering van die verskil tussen inkomste en bedryfsuitgawes;
- optimale benutting van fasiliteite;
- beter dienslewering;
- effektiewe bestuur van betalings op standaard items;
- identifikasie van nuwe fasiliteite;
- die aanspreek van sekuriteit by die verskillende terreine.

3.2 ADVIES AAN DIE MINISTER BETREFFENDE DIE BEREIKING VAN SY DOELWITTE (SEKSIE 11(2) VAN DIE WET OP DIE WES-KAAPSE KULTUURKOMMISSIE EN KULTUURRADE (WET 14 VAN 1998))

As opvolger van die Interim Raad vir Kultuursake, het die Wes-Kaapse Kultuurkommissie die werksprosedures, soos bepaal in Wet 65 van 1989, van sy voorganger oorgeneem. Die WKKK het besluit om bestaande prosedures te gebruik tot met die implementering van nuwe prosedures om te voorkom dat die publiek verontrief word. 'n Komitee is gestig om beleid te hersien en na te vors. Die komitee bestaan uit die volgende persone:

Me. M le Roux (Voorsitter)

Mnr. D Piedt

Mnr. A C le Fleur

Mnr. T April

Een van die belangrikste kwessies wat aangespreek moes word, was die verskillende werksareas in die kultuurdomein. In gevolge die Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurrade (Wet 14 van 1998) word kultuur in die volgende areas verdeel:

visuele,
uitvoerende en
literêre kunste;

natuur- en geesteswetenskappe;

kultuurgeskiedenis; en

kulturele bewustheid en betrokkenheid onder die jeug.

Die projekte wat deur die Wes-Kaapse Kultuurkommissie gesubsidieer is, val in vier basiese kategorieë uiteen, naamlik:

ad hoc-projekte,

jaarlikse projekte;,

eie projekte, en

projekte befonds deur die Wes-Kaapse Kabinet.

Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie het ook sekere projekte namens die Nasionale Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie gefasiliteer.

3.2.1 Ad hoc-projekte

Die meeste projekte ressorteer onder dié kategorie. In die vorige finansiële jaar is 484 ad-hoc-projekte met 'n totale waarde van ongeveer R 1,132,864 goedgekeur. 573 187 persone was betrokke by die projekte. (Sien Addendum 1 en Grafiek 5-12)

3.2.2 Jaarlikse projekte

Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie poog om ondersteuning te gee aan bona fide kuns- en kultuurorganisasies met herhalende administratiewe uitgawes deur jaarlikse toelaes. (Sien Grafiek 13.)

Die volgende aansoeke is gedurende die afgelope jaar goedgekeur:

ORGANISASIE	**BEDRAG GOEDGEKEUR**
IZWI LABANTWANA DRAMATIC SOCIETY	R 20,000
KERRIA DRAMA GROEP	R 22,500
CAPE HEART	R 42,000
THE THEATRE HOUR	R 20,000
DRAMSOC	R 35,000
BREUGHEL TEATERGROEP	R 50,000
NEW AFRICA THEATRE ASSOCIATION	R 40,000
SUNRISE PROMOTIONS	R 13,000
UVIMBA THEATRE & MUSIC	R 20,000
UNIVERSE THEATRE	R 20,000
THE HEEL ARTS COLLECTIVE	R 25,000
ROSMEAD DRAMA GROUP	R 13,000
THE CAPE TOWN THEATRE LABORATORY	R 42,000
CREATIVE SCHOOL OF SPEECH AND DRAMA	R 25,000
THEATRE WORKSHOP	R 22,800
MAGNET THEATRE	R 20,000
ZAMA DANCE SCHOOL TRUST	R 21,000
ROSMEAD DANCE ACADEMY	R 17,700
THE DANCE GROUP	R 8,000
REJOICE CREATIVE SCHOOL OF DANCING	R 18,200

JACKI JOB DANCE PROJECT	R 21,500
STELLENBOSCH PARENTS BALLET SOCIETY	R 20,000
DANCE CREW	R 25,000
AFRIKA ABLAZE DANCE COMPANY	R 20,000
WOODLANDS BALLET SCHOOL	R 10,050
CERES COMMUNITY CHOIR	R 9,000
ATHLONE ACADEMY OF MUSIC	R 17,500
THE GOSPEL ACCORDING TO CHRIST CHOIR	R 9,000
VALIANT HEARTS XMAS BAND	R 12,000
YOUNG GUIDING STARS SACRED STRING BAND	R 12,000
BEVERLEY ROSES SINGKOOR	R 12,000
ROBERTSON OLD ST. BLUES	R 12,000
PALM CRUSADERS XMAS BAND	R 12,000
HEAVEN SOUND GOSPEL GROUP	R 12,000
PEACE AND GOODWILL XMAS BAND	R 12,000
STAR OF THE SEA XMAS BAND	R 12,000
LADISMITH XMAS CHOIR	R 9,000
GUIDING STARS CHRISTMAS CHOIR	R 9,000
BOLAND ORCHESTRA	R 17,500
KINGSMOR CHORISTERS	R 7,000
WORCESTER GEMEENSKAPSKOOR	R 9,000
UNITED STAR CHOIR	R 7,000
ST. CECELIA XMAS BAND	R 12,000
MAMELA PROJECT	R 17,500
ATHLONE SCHOOL OF FINE ART	R 17,500
THEMBA MUSIC PROJECT	R 17,500
PERSEVERANCE XMAS BAND	R 12,000
BONTEHEUWEL CRUSADERS XMAS BAND	R 12,000
YOUNG ROYAL CRUSADERS CHRISTMAS BAND	R 12,000
IMBUMBA YOXOLO CHOIR	R 12,000
TSE'PO SKILLS TRAINING CENTRE	R 25,000
MAGIC IN THE COMMUNITY	R 17,500
COMMUNITY ARTS PROJECT	R 46,000
SOUTH CAPE ENGLISH LANGUAGE & CULTURAL ASS	R 8,000
FORUM FOR MALAY CULTURE IN S.A.	R 20,000
EISTEDDFOD WES-KAAP	R 10,000
EOAN GROUP	R 50,000
ATLANTIS RESOURCE CENTRE	R 10,000
CAPE TOWN CULTURAL CENTRE	R 25,000
RURAL HEALTH AND EDUCATION TRUST	R 25,000
CAFDA - YOUTH	R 50,000
BOYS' BRIGADE WESTERN CAPE	R 7,850
SPADES ART & CULTURE DEVELOPMENT	R 25,000
NONTUTHUZELO TRAD. BEADS AND SEWING CO-OP.	R 7,300
THE HAVEN CULTURAL UPLIFTMENT PROJECT	R 15,000
SHAWCO	R 30,000
INSTITUTE FOR HISTORICAL RESEARCH	R 95,000
ZANOKHANYO YOUTH DEVELOPMENT CLUB	R 12,000
COLLEGE OF ART AND DESIGN	R 24,000
PROKARA	R 1,800
STEEL BAND PROJECT	R 18,000
RISE & SHINE YOUTH CLUB	R 12,500

ABAQUONDISI C21	R 30,000
STAR OF CALVARY XMAS BAND	R 12,000
THE PULPIT YOUTH THEATRE	R 15,000
COMMUNITY VIDEO EDUCATIONAL TRUST	R 18,000
ST. JOSEPH XMAS BAND	R 12,000
AFRIKAVISION - UMBONO WE AFRIKA	R 30,000
SELF ESTEEM ARTS PROJECT	R 13,000
MBEKWENI BLACK BAFANAS	R 18,000
MIGHTY STARS GOSPEL GROUP	R 11,500
SUID-AFRIKAANSE UNIE VAN HUISVROUEKLUBS	R 9,000
FUTURE YOUTH DEVELOPMENT GROUP	R 12,000
WELLINGTON WOMEN OF WORTH	R 12,000
WELGEMOED SCHOOL OF ARTS	R 17,000
KHULA ARTS PROJECT	R 20,000
BRIDGTON JEUG KUTUURVERENIGING	R 24,000
THE GUIDING STARS: MOSSELBAAI	R 12,000
CAPE FLATS PLAYERS	R 24,000
PERFORMING ARTS PROMOTIONS	R 35,000
TOTAAL	**R 1,753,700**

3.2.3 Eie projekte

Dit is die siening van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie dat dit nie die kommissie se primêre verantwoordelikheid is om gemeenskapsorganisasies te verteenwoordig nie, maar om sulke organisasies te bemagtig om self verantwoordelikheid vir gemeenskapsprojekte te aanvaar.

Omstandighede noodsaak soms dat 'n projek gefinansier of aangebied word deur die Departement van Omgewings- en Kultuursake en Sport met die Kultuurkommissie as befondsingsagent. Gedurende die afgelope jaar het die volgende projekte in dié kategorie geval:

Kaapse Klopse Karnaval,
Vryheidsdagvieringe,
Jeugdagvieringe, Vrouedagvieringe,
Erfenisdag,
Slawerny-uitstallings,
Brückner Projek - in samewerking met Bo-Oostenryk.

3.2.4 Projekte goedgekeur en befonds deur die Wes-Kaapse Kabinet

Die volgende projekte is op versoek van die Wes-Kaapse Kabinet gesubsidieer:

Kaapstad Opera R1,000,000
Opera Ontwikkeling R1,300,000
Ballet R2,200,000
Jazzart R 250,000
Dance for All R 150,000
Orkes R 800,000
Baxter Teater R 250,000

TOTAAL R5,950,000

3.2.5 Projekte daargestel namens die Nasionale Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie

Bykomend tot die gewone projekte van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie het die Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie bystand gevra van die Departement van Omgewings- en Kultuursake en Sport vir 'n verskeidenheid projekte. Die befondsing van hierdie projekte is ook gekanaliseer deur die Wes-Kaapse Kultuurkommissie. Die projekte sluit die Vryheidsdagvieringe van die provinsie in, waarvoor R100,000 beskikbaar gestel is deur die Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie, asook 'n projek ter bevordering van handwerk waarvoor R20,000 bewillig is.

Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie het ook die fondse van drie HOP-projekte bestuur. Die projekte is grootliks in die vorige finansiële jaar afgehandel. Dit was die oprig van twee meerdoelige sentrums in Langa en Kwanekothula en die restorasie van die Distrik 6 Museum in Kaapstad.

3.3 DIE REGISTRASIE VAN KULTUURRADE (DIE WET OP DIE WES-KAAPSE KULTUURKOMMISSIE EN KULTUURRADE (WET 14 VAN 1998, SEKSIE 19))

Een van die spesifieke bevoegdhede van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie is die registrasie van kultuurrade. 'n Komitee is gestig om dié proses te fasiliteer. Die lede van die komitee is:

Dr. Jeanette Deacon,

Dr. Pieter Bingle, en

Dr. Matilda Burden.

Die volgende kultuurrade is in die afgelope jaar geregistreer:

Griekwa Nasionale Konferensie van Suid-Afrika,

Nasionale Griekwa Kultuurraad,

Forum for Malay Culture in South Africa,

Kultuurraad Helderberg,

South African Melayu Cultural Society,

Nyahbinghi House of Paarl,

Cochokwa Kultuurraad,

Hessekwa Kultuurraad.

3.4 GEOGRAFIESE NAMEKOMITEE (DIE WET OP DIE WES-KAAPSE KULTUURKOMMISSIE EN KULTUURRADE (WET 14 VAN 1998, SEKSIE 11 C))

Daar word verwag dat die Geografiese Namekomitee van die Wes-Kaap ook onder die Wes-Kaapse Kultuurkommissie sal ressorteer. In afwagting van die nuwe wetgewing is dr. Matilda Burden genomineer om die Wes-Kaap by die nasionale liggaam te verteenwoordig.

3.5 NICO-NAAMSVERANDERINGSKOMITEE

Die provinsiale Kabinet van die Wes-Kaap het besluit om voorstelle vir die herbenaming van die Nico Malan Skouburg in Kaapstad te vra. Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie is deur die Kabinet volmag gegee om die proses te fasiliteer en het alle belangstellendes genooi om voorstelle vir 'n nuwe naam in te dien. Dr. Matilda Burden het toesig gehou oor die proses. Die WKKK het 'n subkomitee onder voorsitterskap van Dr. Matilda Burden aangestel om die nodige oorweging aan die saak te gee.

Die subkomitee het die volgende onderneem:

(a) Die WKKK het 19 April 2000 met verteenwoordigers van Kunstekaap vergader om die stappe in die proses en die faktore wat die herbenaming be?loed, veral die bemarkingskomponent, te bespreek.

(b) Die WKKK het 3 Mei 2000 'n advertensie geformuleer. Die advertensie is vir kommentaar onder die Departement van Omgewings- en Kultuursake en Sport, ander lede van die WKIKK en Kunstekaap versprei.

(c) Advertensies is in al drie amptelike tale van die Wes-Kaap, in alle koerante wat in die Wes-Kaap gesirkuleer word, geplaas. Dit het alle gemeenskapskoerante ingesluit.

(d) Persverklarings is aan al die radio- en TV-stasies wat in die Wes-Kaap funksioneer, uitgereik.

(e) Die WKKK het 187 voorstelle van die publiek ontvang.

(f) 'n Vergadering is 12 Junie 2000 met die verteenwoordigers van Kunstekaap gehou om 'n kortlys van name op te stel. Die kortlys het bestaan uit:

Artscape Centre,

Cape Theatre Centre,

Foreshore Arts Complex, en

Cape Arts Space.

(g) Hierdie name is 13 Junie aan die volle vergadering van WKKK voorgelê. Die WKKK het egter gevoel dat die bogenoemde name nie die gewensde trefkrag het nie en dat 'n kreatiewe werkswinkel, wat uit 'n maksimum van 15 persone met kennis van Afrikatale, die uitvoerende kunste en toerisme bestaan, gehou moet word om 'n meer kreatiewe naam te kry.

(h) Die subkomitee het die besluit deur die WKKK bespreek en het hul kommer uitgespreek dat die werkswinkel die geldigheid van die publieke konsultasieproses kon benadeel. Dié standpunt is aan die WKKK oorgedra.

(i) Tydens die vergadering van 29 Augustus 2000 het die WKKK sy besluit om 'n werkswinkel te hou, bekragtig.

(j) 'n Vorderingsverslag is aan die Minister voorgelê om hom in te lig oor die vordering en prosesse.

(k) 'n Werkswinkel om moontlike Khoiname te bespreek is 3 Oktober 2000 gehou met genooides wat kennis dra van Afrikatale, die uitvoerende kunste en toerisme.

(l) Die subkomitee het 9 November 2000 vergader en het vyf moontlike name aan die WKKK voorgelê. Dit het die naam Kamma Teatersentrum ingesluit. Die subkomitee het vier van die name aan die Kabinet voorgelê.

(m) Die Wes-Kaapse Kabinet het besluit op die naam Kamma, maar het die besluit heroorweeg na aanleiding van openbare mening.

(n) Die Minister het 15 Februarie 2001 'n vergadering belê met die belanghebbendes. Hier tydens is besluit om die Nico Malan Teatersentrum te hernoem tot "Artscape" en, respektiewelik in Afrikaans, Khoekhoegewab en Xhosa, "Kunstekaap", "Talenti-|| Hui!ga eb" en "UbuGcisa be Kapa".

4. **FINANSIËLE VERSLAG**

Die boeke van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie word jaarliks deur die Ouditeur-Generaal geouditeer. (Kopieë van die Ouditeur-Generaal se verslae is aangeheg.)

Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie bestuur sewe verskillende bankrekeninge. Die rekening "Wes-Kaapse Kultuurkommissie" word gebruik vir uitgawes aan projekte en die bedryfskoste van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie.

Fondse oorgedra vanaf die Wes-Kaapse Provinsiale Administrasie as bystand aan organisasies vir die bevordering van kultuur word in dié rekening betaal.

Fondse wat nie onmiddelik gebruik word nie, word op spesiale deposito geplaas om renteverdienste te optimeer.

Elke kultuursentrum het sy eie bankrekening met die uitsondering van Melkbos Oppiesee en Melkbos Kultuursentrum wat 'n gesamentlike rekening het, genaamd "Wes-Kaapse Kampterreine".

Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie bedank almal wat bygedra het tot die positiewe ouditeursverslag.

Die bepalings van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet 1 van 1999, soos aangepas deur die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet 29 van 1999, sal vroeg in die nuwe finansiële jaar bekragtig word.

Die bepalings sal 'n groot invloed hê op die werk van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie as 'n openbare liggaam.

5. GEVOLGTREKKINGS EN UITDAGINGS

Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie het 'n redelik suksesvolle jaar vol hoogtepunte gehad. Die volgende jaar bied 'n aantal uitdagings. Daar is heelwat sake wat aandag vereis. Dit sluit in:

'n permanente, toegewyde sekretariaat;

vereenvoudiging van die diensleweringsproses;

kriteria vir die befondsing van kultuurrade;

langtermyn beplanning van meetbare doelwitte vir die verskillende dissiplines;

wetgewing in verband met die provinsiale erfenis en geografiese name;

ontwikkeling van databasisse;

'n bemarkingstrategie vir die Wes-Kaapse Kultuurkommissie;

'n appèlkomitee en -beleid;

'n inligtingsbrosjure met beskikbare dienste.